higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N4

(Eerste vraestel)

(9090154)

26 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

077Q1J2126

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N4
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Naaste aan die oorsprong	A	mediale
1.1.2	Verwys na die palm van die hand	B	inferior
1.1.3	Na die middellyn van die liggaam	C	posterior
1.1.4	Beweging weg van die middellyn	D	anterior
1.1.5	Bo	E	fossa
1.1.6	Voor	F	abduksie
1.1.7	Verbonde aan die voetsool	G	intern
1.1.8	Agter	H	proksimaal
1.1.9	Onder	I	faset
1.1.10	Binne	J	superior
		K	palmaris
		L	plantare

(10 × 1) (10)

1.2 Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Spysvertering begin in die (mond/maag).

1.2.2 (Mitose/Meiose) lei tot twee identiese dogterselle.

1.2.3 Die proses van (mitose/meiose) lewer voortplantingselle.

1.2.4 Hartspierweefsel kom in die (hart/longe) voor.

1.2.5 Karotisarteries kom in die (nek/voete) voor.

1.2.6 Die bragiale arterie is in die (arm/been) geleë.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Vitamien (C/K) bevorder bloedstolling.

1.2.8 Die (milt/sternum) filtreer bloed.

1.2.9 (Adrenalien/Insulien) word in die pankreas vervaardig.

1.2.10 Die (sentrale/perifere) senuweestelsel bestaan uit die brein en rugmurg.

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Vitamien A bevorder gesonde sig.

1.3.2 Arteries het dunner wande as are.

1.3.3 Die organe verantwoordelik vir gaswisseling is die niere.

1.3.4 Die limfstelsel help om afval uit die liggaam te verwyder.

1.3.5 Die lob van die brein wat hoofsaaklik vir visie verantwoordelik is, is die frontale lob.

1.3.6 'n Refleksboog is 'n senuweebaan waaroor impulse beweeg om 'n refleksbeweging voort te bring.

1.3.7 'n Refleksbeweging is 'n willekeurige reaksie op 'n sensoriese stimulus.

1.3.8 Die testikels is eksterne organe van die manlike voortplantingstelsel.

1.3.9 Sperms word in die prostaatklier vervaardig.

1.3.10 Kondome is herbruikbaar.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem VIER organe wat die urienstelsel vorm. (4)

2.2 Gee VIER voorbeelde van liggaamsvloeistowwe waardeur MIV/vigs oorgedra kan word. (4)

2.3 Verduidelik hoe om 'n sfigmomanometer te gebruik om 'n pasiënt se bloeddruk te meet. (7)

2.4 Wat is die voordele van orale tablette (die orale voorbehoedpil) as 'n voorbehoedmiddel? (5)


[20]

VRAAG 3

3.1 Noem die DRIE membrane wat die brein en rugmurg bedek. (3)

3.2 Noem VYF belangrike faktore wat 'n rol by 'n kind se intelligensie speel. (5)

3.3 Bestudeer die prent hier onder en gee die korrekte naam vir elke spier (A–G). Skryf slegs die naam van die spier langs die vraagnommer (A–G) in die ANTWOORDBOEK neer.



(7)

3.4 Hoekom is dit belangrik dat babas die nodige inentings kry? (5)

[20]

VRAAG 4

4.1	Deur hoeveel fases gaan sifilis?	(1)
4.2	Waarvoor staan *vigs*?	(2)
4.3	Noem TWEE seksueel oordraagbare siektes wat genees kan word.	(2)
4.4	Noem DRIE seksueel oordraagbare siektes wat nie genees kan word nie.	(3)
4.5	Wat sal jy doen om ’n pasiënt te hanteer wat in skok is as ’n dokter nie dadelik beskikbaar is nie?	(7)
4.6	Wat sou ’n volwassene ongeskik maak om bloed te skenk?	(5)
		[20]

VRAAG 5

5.1	Noem VIER inwendige organe van die vroulike voortplantingstelsel.	(4)
5.2	Noem VIER funksies van die skelet.	(4)
5.3	Watter tekens of simptome sal vir jou sê dat ’n pasiënt in die wagkamer besig is om ’n hartaanval te kry en hulp benodig?	(7)
5.4	Identifiseer faktore wat tot onbeplande swangerskappe bydra.	(5)
		[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou